# HOOFSTUK IV.

## KRITIESE BESKOUING.

### A. DIE INSTELLING VAN DIE KOSHUISBOERDERYE.

#### I. DIE BEPLANNINGSASPEK.

Beplanning is ʼn natuurlike verstandelike proses wat aangewend word om ʼn doel te bereik en kan derhalwe beskou word as ʼn probleem-oplossende aktiwiteit waarin die volgende ses stadia onderskei kan word:

1. Bewuswording of aanvoeling van die behoefte of probleem.
2. Vorming van ʼn duidelike begrip van die probleem.
3. Navorsing van die bestaande toestand en beskikbaarstelling van die inligting wat sodoende ingewin word.
4. Aanwending van die inligting.
5. Die opstelling van ʼn program om die doel te bereik.
6. Voortdurende navorsing van tendense om die program by nuwe behoeftes aan te pas.[1]

Dit was dan ook die gang van sake wat uitgeloop het op die instelling van koshuisboerderye as wesenlike deel van die sentralisasiebeleid wat aanvaar is in ʼn poging om die probleem van die Plattelandse Onderwys op te los.

Reeds van die begin van die twintigste eeu af is die behoefte van doeltreffende onderwys vir die plattelandse kind gevoel en ʼn duidelike begrip van hierdie probleem is aan die begin van die jare dertig gevorm deur die verhoogde skoolplig wat die leerlinge langer op skool gehou het en die depressietoestande wat die sosio-ekonomiese probleme verskerp het.

Navorsing van die heersende toestande is gedoen veral deur die Rustenburgse komitee, die Direkteur van Onderwys, die Administrateur en die studiekomitee van vier onderwysers. Die navorsing het toestande voortspruitende uit die ondoeltreffende

onderwys/...

---

1. Kotzee, A. L.: Beplanning in onderwys met spesiale verwysing na die verdeelde beheer: Die Onderwysbulletin van die T.O.D. Vol. II, nr. I (Maart 1957).

onderwys en swak ekonomiese toestand aan die lig gebring wat dit noodsaaklik gemaak het om positiewe stappe te doen en die beskikbare inligting het gedui op sentralisasie van onderwys as beleid vir die toekoms wat daarop uitgeloop het dat die stelsel van skoolplase en gesentraliseerde skole met koshuise en boerderye in die lewe geroep is.

As gevolg van verdere navorsing van tendense, is die program by nuwe behoeftes aangepas deur die skoolplase onder die nuwe onderwysbeleid van 1951 te omskep in groep II-skole met die geleentheid om in hoërskole te ontwikkel terwyl hul boerderye by die koshuise ingeskakel is.[1]

Dít, die ondersoek van boerderybedrywighede by gesentraliseerde skole[2] en die ondersoek wat ingestel is na landbou-onderwys,[3] het die koshuisboerdery gebring waar hy tans staan met sy tweeledige funksie, nl. voorsiening in die onmiddellike behoeftes van die koshuis se inwoners en diere en verskaffing van praktiese landbou-onderwys aan leerlinge waar die koshuis verbonde is aan 'n skool wat landbou as vak in sy leerplan het.

II. DIE PUBLIEKE ADMINISTRATIEWE-ASPEK.

In sy strewe om die probleem van Plattelandse Onderwys op te los, het die Provinsiale Administrasie daartoe gekom om in sy onderwysstelsel 'n driehoek te skep bestaande uit skool, koshuis en boerdery om binne die raamwerk van die publieke administrasie te fungeer en so het 'n provinsiale boerdery ontstaan as 'n onderneming enersyds met 'n opvoedkundige funksie verbonde aan die skool en andersyds met 'n sosio-ekonomiese strekking verbonde aan die koshuis.

So gesien, kan die koshuisboerdery getoets word aan die beginsels van administrasie in die algemeen en van publieke administrasie in die besonder,[4] soos dan ook blyk uit die volgende/...

1. Vgl. bl. 17.
2. Vgl. bl. 22.
3. Vgl. bl. 19, 20.
4. Vgl. hoofstuk I.

de:

1. Algemene Administrasie. Met besondere verwysing na die instelling van koshuisboerderye m.b.t. die beginsels van algemene administrasie, is die elemente van beslissing, voorbereiding en uitvoering duidelik merkbaar en het die voorskrifte om kontinuïteit te verseker geleidelik, hoewel langsaam, ontstaan, gegroei, ontwikkel en toegeneem in doelgerigtheid.

2. Besondere Administrasie.

(a) Die Wese. In hierdie opsig is daar weë en middele deur die Provinsiale Administrasie aangewend om uitvoering van die beleid te verseker, die amptenare wat die administratiewe taak moet uitvoer, is beskikbaar en as volwaardige of semi-staatsamptenare voldoen hulle aan die belangrikste kenmerke van die publieke diens. Die verslag van die Provinsiale Ouditeur word gepubliseer en daarin verskyn inligting aangaande koshuisboerderye. Die verslag word bestudeer deur 'n sessiekomitee van die Provinsiale Raad,[1] wat self ook die verslag bespreek. Die rekenings van koshuisboerderye is onderhewig aan interne en eksterne ouditering en die verslae moet deur superintendente aan hul koshuiskomitees voorgelê word.[2] Inligting is dus geredelik beskikbaar en die verantwoordelike amptenare kan in die openbaar tot verantwoording geroep word. Of die inligting volledig is, is egter 'n ander saak gesien die feit dat dit eers sedert 1957 verpligtend gemaak is om verslag te doen van die natura-inkomste van die boerderye.

(b) Beleidsbepaling. Die algemene beleidsbepaling waaruit koshuisboerderye ontstaan het, was die gevolg van beplanning[3] oor 'n tydperk deur leiers in die openbare lewe, op die gebied van die politiek, die kerke en die opvoedkunde en nadat die sentralisasiebeleid met 'n boerdery as inherente deel in beginsel aanvaar is as oplossing van die plattelandse onderwysprobleem, het die Provinsiale Regering dit in sy uitvoerende vorm gegiet soos wat dit in die praktyk toegepas sou word deur o.a. te bepaal dat die inrigtings hul inkomste moet behou en daaruit hul uitgawes moet bestry[4]- 'n prosedure wat strydig was met art. 89 van die Suid-Afrikawet en eers in 1945 gewettig is deur wysiging van artikel 89.
Of dit by die professionele personeel wat die administratiewe beleid moes bepaal, en dus bewus moes wees van die teenstrydigheid, gehaper het, val moeilik om te bepaal dog dit is opvallend/...

---

1. Blykens inligting verstrek deur 'n senior amptenaar van die Provinsiale Administrasie.
2. Vgl. T.O.D.: Handboek van Regulasies en Reëls i.v.m. Provinsiale koshuise, hoofstuk VI, reël 9.
3. Vgl. bl. 53. 4. Vgl. bl. 27.

opvallend dat dit die Provinsiale Ouditeur, ondersteun deur die Prokureur-generaal, was wat die aandag op die onwettige gebruik gevestig het en hulle is albei amptenare van die Unie-regering en nie van die Provinsiale Administrasie nie.
Selfs al word aangeneem dat die Administrateur, wat voorheen lid van die Uitvoerende Komitee was en dus nie onkundig kon wees nie, in goeie trou gehandel het toe hy in sy pleidooie vir die stelsel beloof het dat plaaslike fondse opgebou sal kan word met die uitgesproke doel om plaaslike belangstelling te wek,[1] bly dit tog nog 'n feit dat met die onwettige praktyk volgehou is, selfs nadat die nodige wysiging aan die Suid-Afrikawet aangebring is om dit te wettig en dat die regulasies met betrekking tot koshuisboerderye eers in 1954 afgekondig is, terwyl daar toe die skoolplase opgehef is nog nie aan die vereistes van die wet voldoen is t.o.v. hul boerderye nie.
Na die administratiewe beleid het die tegniese beleid, waar die toepaslike tegnieke ontwikkel en voorskrifte opgestel word vir die amptenare wat betrokke is by die praktiese uitvoering van die beleid, gevolg. Hierop word later breedvoeriger ingegaan.[2]

3. Beheer.

(a) Noodsaaklikheid van Beheer. Die beginsels van publieke administrasie verg dat daar beheer moet wees o.a. om te verseker dat die doelstelling of beleid nie verkrag of gesaboteer word nie[3] en in die praktyk het dit dan ook geblyk dat beheer, beide ekstern en intern, noodsaaklik is.

(i) Ekstern. Koshuisboerderye het 'n eie funksie nl. om in die onmiddellike behoeftes t.o.v. voedsel vir die kosgangers en voer vir die diere te voorsien en om in sekere gevalle praktiese onderwys te verskaf. Dit is derhalwe nodig dat daar beheer van buite sal wees t.o.v. die funksie en omvang van die boerdery om te verseker dat die doel nie gemis of die perke nie oorskry word nie. Dat hierdie moontlikheid nie maar net denkbeeldig is nie, blyk daaruit dat die komitee insake Landboukundige Bedrywighede en Voedingstoestande by Sentrale Skole bevind het dat „superintendente gaandeweg die koshuisboerdery ingerig het ten einde tekorte aan losiesgelde uit boerdery-inkomste aan te vul" en „dat in etlike gevalle, om die finansies onthalwe, toegespits word op kontantoeste en winsbejag, met die gevolg dat

verbouing/...

1. Vgl. bl 28
2. Kyk afd. B, bl. 61 en verder.
3. Vgl. bl 4.

verbouing van produkte wat vir die koshuis nodig is, in die agtergrond gestoot of heeltemal verdring is. So byvoorbeeld het dit gebeur dat ʼn koshuis hom op die uitsluitlike verbouing van rissies of waatlemoene vir die mark toegespits het."[1]

(ii) Intern. As eksterne beheer oor koshuisboerderye noodsaaklik is, net so noodsaaklik is dit om strenge interne beheer uit te oefen veral met die oog op wanpraktyke soos verkwisting, vernieling, verduistering en diefstal, waarvan etlike gevalle deur die Provinsiale Ouditeur in sy jaarverslae gemeld word, bv. te Lichtenburg £1074, Bethal £234,[2] Rustenburg £957, Piet Retief £48.[3] Hy meld dan ook dat doeltreffende interne beheer sou verhoed dat wederregtelike toe-eiening so maklik kon geskied.
Waar hierdie gevalle voorgekom het by dorpskoshuise sonder boerdery-aktiwiteite, lê dit voor die hand dat verduistering veel makliker kan plaasvind by boerderye, nie net deur produkte te verkoop nie maar ook deur verduistering en diefstal van produkte self sonder dat dit aan die lig sou kom tensy daar doeltreffende beheer is.
In hierdie verband het die Onderwysdepartement dan ook reeds in 1939 gewaarsku dat aan geen persoon vir sy persoonlike gebruik of doeleindes plaasprodukte of enige ander opbrengste van die plaas of koshuis gratis gegee mag word nie.[4]

(b) Vorm van die Beheer.

(i) Deur die Uitvoerende Gesag. Wat die eksterne beheer betref, is voorsiening deur die Sentrale Regering gemaak vir die benoeming van ʼn Provinsiale Ouditeur wie se taak dit is om die rekenings van die Provinsie te ondersoek en verslag daaroor uit te bring en om enige twyfel aangaande die rekenings van provinsiale koshuise (en derhalwe ook hul boerderye) uit die weg te ruim, word die ondersoek hiervan ook pertinent in die regulasies aan hom opgedra. Daarbenewens benoem die Sentrale Regering ook die Administrateur as hoof van die Provinsiale Regering wie se verantwoordelikheid dit is om regulasies rakende die onderwys volgens die onderhawige ordonnansies te proklameer en as integrerende vertakking van ʼn provinsiale koshuis wat ʼn onderwysinrigting is, kom die koshuisboerderye binne sy jurisdiksie.
Benewens die beheer wat deur hierdie deur die Goewerneur-generaal-in-Rade benoemde amptenare uitgeoefen word, word spesifieke opdragte in Administrateursproklamasies 8 van

1950/..

1. Verslag van die Komitee insake Landboukundige Bedrywighede en Voedingstoestande by Sentrale Skole, bll. 9 en 10.
2. Verslag vir 1950/51, bl. 413, § 12.
3. Verslag vir 1954/55, bl. 411, § 15.
4. Omsendbrief 68 van 1939 (E 29 gedateer 20 November 1939).

1950 en 694 van 1954 gegee aan die Provinsiale Sekretaris en die Direkteur van Onderwys. As rekenpligtige amptenaar van die Provinsie, sorg eersgenoemde vir die insameling en besteding van provinsiale inkomste waarvan die ontvangste van koshuisboerderye 'n deel vorm en laat hy deur middel van sy amptenare interne ouditering van die rekenings doen, terwyl hy in sekere opsigte weer in oorleg met die Direkteur van Onderwys handel. As hoof van die Transvaalse Onderwysdepartement oefen lg. weer beheer uit oor alle onderwysaangeleenthede en dus ook oor die koshuisboerderye deur selfstandig of in oorleg met die Provinsiale Sekretaris voorskrifte en opdragte te gee en ook d.m.v. sekere van sy veldamptenare soos Inspekteurs van Onderwys, die Adviseur van Landbou-onderwys en die Koshuis-adviseur.
Die interne beheer is opgedra aan die hoof van die skool wat verantwoordelik is vir die algemene beheer en die superintendent van die koshuis wat die onmiddellike beheer uitoefen.
Op hierdie wyse word dan gepoog om te verseker dat die beleid wat beoog moet word, uitgevoer sal word, dog die ander beheermiddel tot beskikking van die gesag, nl. insluiting van die koshuise en hul boerderye se inkomste en uitgawe by die jaarlikse begroting van die Provinsie is van die hand gewys.[1]

(ii) Deur Wetgewing. Alle wetgewing van die land wat betrekking het op landbou-bedrywighede is mutatis mutandis van toepassing op koshuisboerderye en daarbenewens is dit as provinsiale onderneming verder onderhewig aan die bepalings van Afdeling V van die Suid-Afrikawet waarvan art. 85 (iii) wat aan die Provinsiale Raad mag verleen om ordonnansies rakende die onderwys te maak en art. 89 wat die instelling van die Provinsiale Inkomstefonds bepaal, die belangrikstes is, terwyl art. 92 wat handel oor die benoeming en funksie van die Provinsiale Ouditeur as „waghond" oor die Provinsiale Inkomstefonds, 'n beheermaatreël van besondere belang is.
Behalwe hierdie algemene maatreëls, staan die koshuisboerderye onder die besondere beheer van regulasies wat deur die Administrateur kragtens die onderwysordonnansies spesifiek vir die doel afgekondig is.
In hierdie verband doen dit vreemd voor dat omvattende regulasies met betrekking tot die boerderye eers in 1954 afgekondig is by Administrateursproklamasie 694, terwyl daar eers in 1957, toe die boerderye al mondig geword het, voorskrifte verskyn het insake die insluiting van die natura-inkomste en -uit-

gawe/...

1. Kyk bl. 38

gawe van boerderye by die rekeningstelsel want die produkte wat 'n provinsiale boerdery, gedryf deur provinsiale amptenare met provinsiale kapitaal op provinsiale plase aan provinsiale koshuise lewer, is tog seker net so onderhewig aan art. 89 van die Suid-Afrikawet as wat die inkomste en uitgawe in munt is sodat verwag kan word dat regulasies en reëls vir die beheer van die boerderye veel vroeër moes afgekondig gewees het. As verder in gedagte gehou word dat die boerderye beperk moet wees en die produkte teen redelike pryse gelewer moet word, skyn die verklaring nog moeiliker te vinde te wees veral as daarbenewens in aanmerking geneem word dat die natura-inkomste en -uitgawe stellig ewe omvangryk is as die inkomste en uitgawe in munt, blykens die volgende gegewens:[1]

TABEL III.

INKOMSTE EN UITGAWE IN KONTANT EN NATURA VAN SEKERE KOSHUISBOERDERYE.

| Jaartal | Boerdery. | Inkomste en Uitgawe. | |
|---|---|---|---|
| | | Munt. | Natura. |
| 1951 | Unitas .. | £ 974. 6. 1 | £ 156.17. 8 |
| 1954 | Oom Paul | £2487.17. 6 | £1949. 7. 2 |
| 1956 | Morgenzon | £ 989. 7. 7 | £1375. 4.11 |

4. Organisasie. In die organisasie van die Provinsiale Administrasie word voorsiening gemaak vir die behoeftes van die koshuisboerderye deur die instelling van seksies vir koshuisbelange in beide die Departement van Finansies en die Onderwysdepartement aan welke departemente die boerderye uit hoofde van hul tweeledige funksie ten nouste verbonde is. Ook is die nodige voorsiening in die regulasies gemaak vir oorlegpleging en die wisselwerking tussen die twee departemente wat voortvloei uit die tweeledige funksie.

Die interne organisasie word gelaat in die hande van die hoof van die skool en die superintendent om met die personeel tot/...

1. Volgens rekords in besit van die skrywer, saamgestel terwyl hy superintendent van die betrokke koshuise was.

hul beskikking na gelang van plaaslike omstandighede die doeltreffendste reëlings te tref.

As in hierdie verband in gedagte gehou word dat by enige koshuisboerdery, maar veral by een wat verbonde is aan 'n skool waar landbou gedoseer word, dit essensieel is dat die praktyk nie strydig moet wees met die teorie nie en dat daar nie net wisselwerking tussen koshuis en boerdery maar ook tussen skool en boerdery moet wees, sal dit gerade wees om die boerdery aan die landbou-onderwyser(s), waar daar is, op te dra onder toesig van die hoof en die superintendent. Indien die koshuis verder oor die dienste van 'n plaasvoorman beskik, kan hy weer onmiddellik beheer oor die boerderybedryf en die werknemers uitoefen onder toesig van die landbou-onderwyser(s), terwyl daar aan die ander kant weer die nodige voorsiening gemaak moet word vir wisselwerking tussen die landbou-onderwyser(s) en die sekretaris-tesourier t.o.v. administratiewe aangeleenthede.

5. Samevatting. As produk van die beplanning en algemene beleidsbepaling ter oplossing van die probleem van die Plattelandse Onderwys, het die sentralisasiebeleid as inherente deel die koshuisboerderye met hom meegebring en lg. binne die raamwerk van publieke administrasie in die algemeen en van die Transvaalse Provinsiale Administrasie in die besonder geplaas, gekoppel aan die Onderwysdepartement aan die een en die Departement van Finansies aan die ander kant.

In die proses het een probleem ontstaan wat voortgevloei het uit 'n begeerte om plaaslike inisiatief aan te wakker en plaaslike belangstelling te behou in hierdie instellings, dog die probleem is opgelos met die welwillende medewerking van die Sentrale Regering. Daarbenewens het die volle ontplooiing van die administratiewe beleid miskien langsamer geskied as wat wenslik was, dog origens het hierdie boerdery goed binne die raamwerk van die publieke administrasie ingepas aangesien

die/...

die administratiewe beginsels hulle tot so ʼn instelling leen terwyl ʼn onderneming van hierdie aard daarby ook so ingestel kan word dat dit aan die essensiële vereistes van ʼn staatsonderneming voldoen.

Die praktiese toepassing van die beleid in sy tegniese vorm moet nou egter in oënskou geneem word.

B. DIE TEGNIESE BELEID T.O.V. KOSHUISBOERDERYE.

I. ALGEMEEN.

Die tegniese beleid t.o.v. ʼn onderneming is die beleid soos dit van dag tot dag uitgevoer word deur die amptenare wie se taak dit is om die administratiewe beleid in die praktyk te bring deur toepassing van die tegnieke en prosedures wat vir dié doel ontwikkel en voorgeskryf word.[1]

T.o.v. die koshuisboerderye was daar in hierdie opsig ʼn trae slakkegang wat moeilik verstaanbaar en dus ook moeilik verklaarbaar is, tensy dit toegeskryf moet word aan ʼn gebrek aan in- en deursig as gevolg van gebrek aan ervaring aan die kant van die professionele personeel.

Na die verskyning van die eerste regulasies m.b.t. die beheer van koshuise, is daar slegs sporadies voorskrifte betreffende boerderye uitgereik dog daar was geen sprake van ʼn sistematiese handleiding vir superintendente nie. Trouens in die regulasies self is daar skaars melding van die boerderye gemaak.

Die eerste omvattende reëls is in 1945 gepubliseer - ʼn goeie 10 jaar nadat die provinsiale koshuisstelsel met boerderye in werking getree het, en selfs toe was die voorskrifte m.b.t. bv. die boerderyboekhouding karig. „Die boekhouding volg die gewone beginsels en slegs transaksies van die koshuis met ʼn tweede party word geboekstaaf. Transaksies tussen die koshuis en die boerdery word liewers in ʼn aparte boek aangeteken. Die uitgawe kan uit die kasboek ook in die aparte boek opgeskryf word om beide inkomste en uitgawe bymekaar te hê."[2] M.a.w. die superintendent/...

1. Vgl. bl. 3.
2. Vgl. bl. 36.

perintendent wat dit wil doen, moet dit liewers in 'n aparte boek opteken en hy kan as hy wil (maar hy hoef nie!) ook die uitgawe in die boek opskryf en sodoende vir sy eie inligting bepaal wat die toedrag van sake is!

So word daar huiwerend erkenning verleen aan die koshuisboerdery en sy invloed op die koshuisfinansies, maar 'n doelgerigte wil om dit tot sy reg te laat kom, is daar nie. En tog word in reël 1 van hoofstuk V bepaal dat boerdery nie op uitgebreide skaal nie, 'n goedgekeurde aktiwiteit by sentrale provinsiale koshuise is met die doel om vars groente en vrugte teen 'n redelike koste te verseker![1] Hoe kan daar nou wetenskaplik en met 'n redelike mate van sekerheid bepaal word hoe uitgebreid of beperk die boerdery is en veral teen welke koste die produkte wat deur die koshuis gebruik word, geproduseer word indien daar nie 'n sistematiese en doeltreffende rekordstelsel bestaan waarvolgens die hoeveelhede en produksiekoste bepaal kan word deur alle bedryfskoste van die boerdery (selfs ook dié wat betrokke is by die verskillende vertakkinge onderling) in berekening te bring nie? Geen wonder dat superintendente in die versoeking verval het om waatlemoene en rissies vir die mark te kweek nie!

So het die toestand gebly totdat daar in 1950 weer voorskrifte gekom het i.v.m. die opstelling van die halfjaarlikse inkomste- en uitgawerekenings en balansstaat. Hierdie keer geniet die boerdery beslis erkenning dog op negatiewe wyse deur hom doelbewus hok te slaan aangesien pertinent bepaal is dat die produkte wat hy aan die koshuis lewer tog nie in die rekenings weerspieël moet word nie[2] en dit sou nog tot 1957 duur voordat aan hom volle burgerreg verleen word deur die instelling van 'n rekeningprosedure by wyse van omvattende voorskrifte wat egter ook nog mank gaan aan gebreke. Hierdie stelling word later/...

---

1. Vgl. bl. 36.
2. Vgl. bl. 39.

ter beredeneer.[1]

II. <u>NOODSAAKLIKHEID VAN REGULASIES, REëLS EN VOORSKRIFTE.</u>

1. <u>Algemeen</u>. Behalwe dat die algemene beginsels van publieke administrasie dit vereis en art. 28 van wet nr. 38 van 1945 wat art. 89 van die Suid-Afrikawet gewysig het, bepaal dat dit wettig sal wees vir provinsiale onderwysinrigtings wat as sodanig deur die Goewerneur-generaal geproklameer is om hul inkomste te behou en hul uitgawes daaruit te bestry mits daar rekenskap van gegee en mee gehandel word soos deur die Administrateur voorgeskryf, is daar nog ander gewigtige redes wat die uitreiking van regulasies, reëls en voorskrifte noodsaaklik maak.

2. <u>Omlyning van Magte en Pligte van Verantwoordelike Amptenare</u>. Soos reeds vermeld, staan die koshuisboerdery onder die eksterne beheer van o.a. die Provinsiale Sekretaris en sekeres van sy amptenare en die Direkteur van Onderwys en sekeres van sy veldamptenare en ten einde doeltreffende organisasie en koördinasie van pligte te verseker om sodoende onekonomiese oorvleueling en duplisering sowel as verwarrende en teenstrydige tegnieke te vermy, is dit noodsaaklik dat die terrein, pligte en verantwoordelikhede van elkeen duidelik afgebaken en omlyn sal wees. As voorbeeld hiervan kan genoem word dat die Koshuisadviseur halfjaarlikse inkomste- en uitgawerekenings verlang, terwyl die koshuis- en boerderyboekhouding op 'n jaarlikse basis ingestel is. So ook vereis die jongste boekhoudingsvoorskrifte dat uitgawes aan spoorvrag aan spesiale rekenings daarvoor toegewys word terwyl die Koshuisadviseur verlang dat dit geallokeer word aan die poste waarop dit betrekking het.

Ook is dit nodig dat die superintendent onder wie se onmiddellike interne beheer die boerdery staan, 'n duidelike begrip van sy magte, pligte en verantwoordelikhede sal hê (na binne en buite) om hom in staat te stel om gewetenstrou na die beste/...

1. Kyk bl. 78.

te van sy vermoë en na die eise van die vyfde, agtste en negende gebooie rekenskap van sy rentmeesterskap te gee t.o.v. die trusteiendom en -geld wat aan sy sorg toevertrou is, en hierdie begrip kan die beste ontwikkel word uit doeltreffende regulasies, reëls en voorskrifte.

3. Verslaggewing. Die feit dat koshuisboerderye 'n besondere funksie binne die raamwerk van die algemene onderwysbeleid het, maak dit nodig dat daar van tyd tot tyd bepaal sal word of, en in hoeverre, hulle aan hul doel beantwoord (of moontlik hul perke oorskry) deur ondersoek in te stel en deur verslae op te eis gebaseer op gegewens wat plaaslik ingewin word. Met die oog hierop en verder ter wille van die eise van eenvormigheid is dit noodsaaklik dat voorskrifte opgestel word om die prosedure te bepaal waarvolgens die gegewens versamel en die wyse aan te dui waarvolgens die verslae opgestel en ingedien moet word.

4. Die Tegniese Aard van Boerderybeheer. As in aanmerking geneem word dat die omvang van koshuisboerderye van so 'n aard is dat die inkomste en uitgawe in 1953 reeds sowat £53,000 en £48,500 onderskeidelik bedra het[1] terwyl daar, blykens 'n verklaring van die Direkteur van Onderwys, al meer as £1,000,000 belê is net in landbouskole en boerderye daaraan verbonde,[2] dan is dit duidelik dat die beheer oor hierdie boerderye sodanig moet wees dat die verslae waarna in die vorige paragraaf verwys word ook die finansiële implikasies tot in die fynste besonderhede sal moet insluit wat sal beteken dat die algemene koshuisboekhouding en die boerderyboekhouding in die besonder so moet ingerig word dat bepaal kan word:-

(a) wat die finansiële stand van die koshuis sonder sy boerdery is;

(b) wat die finansiële stand van die boerdery in sy geheel sowel as elke vertakking afsonderlik is

wat/...

1. Vgl. bl.19.
2. Verslag van openingsrede by die Bethalse landboutentoonstelling. Die Vaderland, 27 Maart 1957.

wat meebring dat ook die inkomste en uitgawe in natura in berekening gebring sal moet word;

(c) welke invloed die boerdery op die koshuisfinansies het, d.w.s. in welke mate die boerdery tot die opgehoopte surplus of tekort van die koshuis bydra.

Nou is koshuisadministrasie op sigself alreeds gekompliseerd en tegnies van aard veral wat die rekenpligtige aspekte betref en wel in so 'n mate dat superintendente met hul administratiewe personeel dit moeilik vind om dit te behartig sodat die Provinsiale Ouditeur in sy verslag vir die boekjaar 1942/43 kla dat die rekenings van sekere provinsiale koshuise nie gereed was vir ouditering toe hy 'n aanvang daarmee wou maak nie. Daarby moes 'n groot hoeveelheid boekhou- en rekenmeesterswerk soos die byskryf van dag- en grootboeke en van sluitingsinskrywings en die opstelling van finale state gedoen word terwyl dit eintlik die plig van die superintendente is.[1] Hierdie klag word verder jaar na jaar herhaal tot in die jongste beskikbare verslag nl. dié vir 1954/55 waarin egter ook gemeld word dat daar blyke van verbetering opgemerk word waarskynlik as gevolg van die stappe deur die Rekeningsafdeling van die Administrasie gedoen om 'n organisasie aan die gang te sit wat hierdie deel van die werk behartig.[2]

Behalwe hierdie rekenpligtige take word ook nog van hoofde verwag om hul beheer doeltreffend te maak deur 'n mate van interne ouditering toe te pas. Met die oog hierop het die Provinsiale Ouditeur aanbeveel dat aan hoofde opdrag gegee word om minstens eenmaal per kwartaal te sertifiseer dat die kasboeksaldo met die banksaldo versoen is, dat kwitansies uitgereik en verantwoord is en dat behoorlike bewyse vir betalings beskikbaar is.[3] Alhoewel die Onderwysdepartement hierdie opdragte aan hoofde en superintendente gegee het per omsendbrief nr. 40

van/...

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1942/43, bl. 17, § 45.
2. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1954/55, bl. 51, § 71
3. Verslag v.d. Prov. Ouditeur vir die jaar 1950/51, bl.415,§13

van 1951, meld die Ouditeur in sy verslag vir die boekjaar 1952/53 dat dit nie die beoogde uitwerking gehad het nie en dat die gebrek aan beheer oor koshuise se geldregisters en kontant uiters onrusbarend is.[1]

Waar superintendente nou reeds moeilikheid ondervind met rekenpligtige werk verbonde aan koshuise afgesien van hul boerderye, val dit dus te begrype dat byvoeging van 'n boerdery met sy veel ingewikkelder prosedure nog ernstiger komplikasies sal skep, sodat dit geen verbasing wek dat die Onderwysdepartement selfs nog so onlangs as op 8 November 1955 aan die Provinsiale Ouditeur verklaar dat „ongeveer 85% van die koshuise met boerdery-aktiwiteite nie 'n boerderyrekening in hul boeke as deel van hul boekhouding aanhou nie. Slegs die kontantdeel van die boerdery kom voor as deel van die inkomste- en uitgawerekening van die inrigtings."[2]

Dat hierdie leemtes nie die gevolg van pligsversuim of onwilligheid aan die kant van superintendente is nie maar eerder toegeskryf moet word aan 'n gebrek aan tegniese vaardigheid, blyk uit die houding wat die Onderwysdepartement daarteenoor ingeneem het, nl.: „Die Departement verwag nie dat superintendente ander stelle boeke moet hou as die wat kragtens regulasies voorgeskryf word nie. Indien hulle egter bereid is om die finansiële state vir die Provinsiale Ouditeur te voltooi, sal dit waardeer word."[3] En in die regulasies word nie melding gemaak van dag- en grootboeke en finale state nie.[4]

Hierdie heersende toestande wentel natuurlik om die vraagstuk van personeelvoorsiening, want wanneer 'n onderneming geloods word, behoort die benodigde tegnici beskikbaar of verkrygbaar te wees of anders moet die persone gewerf word om op-

gelei/...

---

1. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1952/53, bl. 449, § 612 (b).
2. Verslag van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjaar 1954/55, bl. 411, § 17 (b).
3. T. O. D.: Omsendbrief 59 van 1951 (E 11 gedateer 10 September 1951), § 8. 4. Administrateursproklamasie 8 van 1950.

gelei te word.[1]

In die onderhawige geval is die interne beheer oor 'n koshuisboerdery die verantwoordelikheid van die hoof van die skool en die superintendent van die koshuis (wat gewoonlik ook die hoof is) en aangesien 'n rekenpligtige taak soos hierdie grondige kennis van gespesialiseerde en tegniese administratiewe prosedures verg, word 'n kombinasie van kwalifikasies (professioneel aan die een kant en administratief aan die ander) vereis wat stellig slegs by uitsondering gevind sal word aangesien die nodige opleiding vir die administratiewe taak buite die bestek van die opleiding van 'n onderwyser vir die beoefening van sy professie val en totdat ander reëlings getref word, sal superintendente en hoofde in die praktyk daarvoor moet opgelei word om dan in poste geplaas te word waar hul dienste die nodigste is.

Dat dit oënskynlik ook die sienswyse van die Onderwysdepartement is, word afgelei uit die feit dat Inspekteurs van Onderwys daarop attent gemaak is dat gevalle voorgekom het waar hoofde en vise-hoofde by skoolplase, sentrale skole en ander skole met koshuise benoem is met geen of weinig ondervinding van boerdery, koshuisbeheer of -administrasie en is hulle versoek om die Buite-inspekteur of Koshuisinspekteur te raadpleeg i.v.m. die aanstelling in hoof- of vise-hoofposte by sulke skole voordat hulle skoolrade of beherende liggame met advies bedien.[2]

In sodanige praktiese opleiding as wat tans dan nog die aangewese weg skyn te wees, sal 'n breedopgesette, in besonderhede uitgewerkte handleiding met reëls en voorskrifte noodwendig onontbeerlik wees.

III. <u>VOORSKRIFTE I.V.M. DIE OPVOEDKUNDIGE FUNKSIE.</u>

In hierdie verband moet daar gekonstateer word, dat, bene-

wens/...

---

1. Vgl. bl. 6.
2. Omsendbrief 60 van 1949 (E 10/5 gedateer 19 September 1949).

wens die bepalings van die boerdery-regulasies, uiters min gepubliseer is waarop 'n kritiese beskouing gebaseer kan word, sodat 'n direkte oordeel gebaseer op navorsing feitlik buite die kwessie is en daar derhalwe langs indirekte weg by wyse van deurvorsing gepoog sal moet word om tot 'n bevinding te kom.

1. Uitgangspunt. Die doelstelling van 'n onderneming bepaal hoe dit in die praktyk behoort te fungeer en derhalwe vloei die tegniese beleid uit die doelstelling voort en word die regulasies, reëls en voorskrifte waarvolgens dit van dag tot dag uitgevoer word daarop toegespits om te verseker dat die funksie die doel sal nastreef en niks anders nie, m.a.w. die onderneming moet 'n middel tot die doel wees en nie 'n doel op sigself nie. Daarby dien egter in gedagte gehou te word dat sekondêre doelstellings ook geregverdig kan word mits dit aanvullend tot en nie teenstrydig met die primêre doelstelling is of die beginsels waarop die doelstelling gefundeer is, verkrag nie.

Wanneer 'n poging dus aangewend word om die tegniese beleid t.o.v. 'n onderneming krities te beskou, is die aangewese weg om dit te toets aan die implikasies van die doelstelling sodat die doelgerigtheid, doeltreffendheid en uitvoerbaarheid beoordeel kan word.

2. Die Opvoedkundige Funksie van die Koshuisboerderye.

(a) Inleidend. Die koshuisboerdery het in die eerste plek 'n algemene opvoedkundige funksie nl. om die landelike omgewing en atmosfeer waarin die plattelandse kind gebore word en sy voorskoolse jare deurbring, te behou[1] sodat daar kontinuïteit kan wees in sy opvoedkundige milieu en sy onderwys van die bekende na die onbekende kan geskied.[2] In die tweede plek het die koshuisboerdery egter ook 'n besondere opvoedkundige funksie, nl. verskaffing van praktiese onderwys aan leerlinge waar die koshuis verbonde is aan 'n skool wat landboukunde in sy leerplan opgeneem het,[3] sodat die boerdery in hierdie geval 'n hulpdiens verrig deur die teoretiese onderwys van die vak aan te vul. Om die implikasies hiervan te kan bepaal sal dit dus nodig wees om die doelstelling van die vak as sodanig te ondersoek.

(b)/...

1. Vgl. bl. 21.
2. Vgl. bl. 20.
3. Vgl. bl. 40.

(b) Doelstelling van Landbou-onderwys.

(i) Departementele Doelstelling. Die Onderwysdepartement se doelstelling van die vak is kort en saaklik net dat daarmee beoog word die algemene ontwikkeling van die leerlinge, die aankweek van liefde vir en waardering van die grond, plante en diere en nie beroepsopleiding nie.[1] So ook het die Direkteur van Onderwys in die openbaar verklaar dat die Departement se doel met landbouhoërskole nie is om vakmanne op te lei nie, maar om by die seuns en dogters bepaalde basiese beginsels, begrippe en gesindhede t.o.v. die landbou tuis te bring. Met dieselfde geleentheid het hy egter ook gesê dat dit 'n dringende vereiste is dat toekomstige boere deeglike opleiding behoort te geniet en hulle aangemoedig om hul kinders na landbouhoërskole te stuur,[2] waaruit dit wil blyk of beroepsopleiding tog 'n sekondêre funksie van landbou-onderwys mag wees.
Word die doelstelling soos van Departementsweë gestel, nou verder ontleed, kan dit só gestel word:-

(ii) Primêr.

Religieus: Landbou-onderwys leen hom by uitstek daartoe om by die leerlinge tuis te bring die voorsienigheid van God, d.i. „die almagtige en alomteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom."[3]
Verder kom die salwing van die mens as kroon van die skepping tot Koning, Priester en Profeet tot uiting in die beheer wat hy uitoefen oor die natuur, bodem, plant en dier, in sy liefde daarvoor en toewyding daaraan en in die beplanning wat hy noodwendig moet doen ter versorging en bewaring daarvan en ook hiervoor is landbou-onderwys besonder toepaslik.

Karaktervorming: Landbou-onderwys moet dien as middel tot ontwikkeling en beoefening van die deugde van sorgsaamheid, volharding, presiesheid, netheid, punktualiteit, hardwerkendheid, verdraagsaamheid, verantwoordelikheid, pligsbesef, getrouheid en ordelikheid.

Kulturele vorming: Landbou-onderwys beoog die bewaring en kontinuering van die tradisionele landelike leefwyse in ons volkslewe en inskerping van die vaderlandsliefde deur aankweek van liefde vir die bodem, die plant en die dier as bronne van lewensmiddels en as nasionale bates, en die aankweek van respek vir hande-arbeid.

Intellektuele/...

1. T.O.D.: Leerplanne vir Middelbare Skool, bl. 8.
2. Verslag van openingsrede by Bethal-landboutentoonstelling. Die Vaderland, 27 Maart 1957.
3. Die Heidelbergse Kategismus. Sondag X, vraag 27.

Intellektuele ontwikkeling: Landbou-onderwys dra by tot die algemene wetenskaplike ontwikkeling van die leerlinge deur hulle opmerksaamheid en waarnemingsvermoë te verskerp en 'n logiese denkwyse te ontwikkel wat hulle in staat sal stel om oorsaak en gevolg in die regte perspektief te sien ten einde logiese gevolgtrekkings te kan maak uit hul waarnemings en proefnemings.

Ligaamlike ontwikkeling: Die praktiese onderwys wat 'n noodsaaklike element van landbou-onderwys is, verskaf aan die leerlinge gesonde oefening vir die liggaam in die buitelug wat bevorderlik is vir liggaamlike ontwikkeling.

(iii) Sekondêr.

Beroepsopleiding: Die onderwys moet dien om die grondslag vir daardie leerlinge wat meer om boerdery as loopbaan te kies so te lê dat hulle die bedryf wetenskaplik sal beoefen deur toepassing van gesonde boerderymetodes ter versorging van die gesin en die volk en nie as winsbejag nie.

Ontvolking van die platteland: Die onderwys moet dien om die jeug aan die platteland te bind en só die ontvolking van die platteland teë te werk.

3. Implikasies van die Doelstelling.

(a) Landbou-onderwys moet prakties wees. Die eerste en daarby voor die hand liggende implikasie is dat die onderwys prakties moet wees want indien die doelstellings gesamentlik of afsonderlik oorweeg word, is dit duidelik dat 'n „talk and chalk"-metode nie sal deug nie, maar dat, indien die doelstellings (primêr of sekondêr) verwesenlik moet word, dit essensieel is dat die leerlinge nie net van die boerderybedryf sal hoor en leer nie, dit nie net sal sien en waarneem nie, maar midde daarin moet staan, dit moet belewe en aan eie lyf moet ervaar, nie net periodiek nie maar voortdurend, deur aktiewe deelname aan 'n volledige, goed toegeruste en gebalanseerde modelboerdery. Hierin word die Onderwysdepartement se standpunt geregverdig, nl. dat „landbou as middelbare skoolvak slegs toegelaat sal word by skole wat in staat is om 'n sterk landbou-afdeling aan die skool te ontwikkel en waar die vak ook ten volle prakties benader kan word."[1]

(b) Landbou-onderwys moet in Gemengde Skole geskied. Behalwe dat die sekondêre doelstellings impliseer dat voornemende boerinne hierdie onderwys behoort te geniet en dat dogters derhalwe tot die skole

behoort/...

1. T. O. D.: Handboek van Instruksies vir die Leiding van Hoofde van Skole (1956-57), bl. 86.

behoort toegelaat te word, sal hulle blykens die primêre doelstellings net soveel baat by landbou-onderwys as seuns. Daarbenewens is 'n rigting vir dogters egter noodsaaklik indien die belangrike doelstelling m.b.t. kulturele vorming na behore verwesenlik moet word aangesien die tradisionele leefwyse ingestel is op die eenheid van die huisgesin met die vader as broodwinner en die moeder as versorger sodat hulle mekaar aanvul daarin dat die moeder bedien wat die vader verdien en in hierdie proses word talle vlyte beoefen wat eintlik deel van die kultuurskat is en derhalwe gekontinueer behoort te word. Afgesien daarvan, kan die atmosfeer van die tradisionele leefwyse slegs geskep en behou word indien die skoolbevolking uit leerlinge van albei geslagte bestaan.
Deur die instelling van hierdie rigting vir dogters wat vakke soos kookkuns, modemakery, tuisverpleging, moederkunde ens. insluit, word die tradisionele lewenswyse dan nie net gehandhaaf nie, maar kan die dogter ook bekwaam word vir haar taak as vrou en moeder. Net soos in die geval van Landbou, sal die onderwys prakties moet wees en hier kan die koshuis dan die rol speel wat die boerdery vir die seun doen.
So 'n stelsel is dan ook inderdaad deur Komitee insake Landbou-onderwys aanbeveel,[1] dog tot dusver het die Onderwysdepartement nog net sover gegaan om die kursus in die skool in te stel sonder dat die koshuis daarby ingeskakel is.

4. Tegniese uitvoering van die Opvoedkundige Beleid.

(a) Landbou-onderwys met betrekking tot Gedifferensieerde Onderwys. Uitgaande van die standpunt dat die hele mens opgevoed moet word, volg die Transvaalse Provinsiale Administrasie teenswoordig 'n beleid van gedifferensieerde onderwys gebaseer op die feit dat daar 'n wye vakkeuse moet wees om voorsiening te maak vir die verskynsel van indiwiduele verskille tussen leerlinge t.o.v. vermoëns, belangstelling en aanleg en op grond hiervan behoort middelbare skole landbou as vak by hulle leerplanne in te sluit.[2] Dit sou egter meebring dat daar 'n uitgebreide boerdery aan elke middelbare skool verbonde moet wees wat egter onprakties en baie duur sal wees.
Die uitweg wat die Onderwysdepartement hiervoor gevind het, was om landbou-onderwys in streekskole met die nodige fasiliteite vir praktiese onderwys in die vorm van koshuisboerderye te sentraliseer om voorsiening te maak vir leerlinge wat uit hoofde van hul aanleg en belangstelling landbou-onderwys verkies. In hierdie opsig help die koshuisboerdery dus om die gedifferensieerde onderwysbeleid tot vollediger vervulling te bring

as/...

---

1. Verslag van die Komitee insake Landbou-onderwys (Voorsitter A. A. van Wyk), bl. 26, 30.
2. Vgl. bl. 17.

as wat andersins moontlik sou wees, en hierin word regverdiging gevind vir die toekenning deur die Provinsiale Administrasie van 'n opvoedkundige funksie aan die koshuisboerdery met voorsiening vir vertakkings wat nie vir voedselvoorsiening nodig is nie.[1]

(b) Organisasie van Landbou-onderwys. Aan die eertydse skoolplase is selfstandige status as groep II-skole toegeken met die geleentheid om tot hoërskole te ontwikkel[2] ten spyte van die feit dat hulle die gewone hoërskool eintlik aanvul in soverre hulle die gedifferensieerde onderwysgedagte tot volle ontplooiing bring deur voorsiening te maak vir dié vak, nl. landbou, wat nie doeltreffend deur die gewone hoërskool behartig kan word nie. Terloops dien vermeld te word dat enkele van hierdie skole reeds tot hoër- en ander tot landbouhoërskole ontwikkel het en sodoende verhoogde status verwerf het.
Uit hoofde van die feit dat hulle onafhanklike status geniet, volg dit dat hierdie skole in hul verpligte sowel as hul keusevakke ook voorsiening sal moet maak vir differensiasie uit erkenning van die verskynsel van indiwiduele verskille om te verseker dat hul leerlinge vrye deurgang tot alle lewensterreine sal hê.
Die eerste differensiasie geskied reeds by die kern- of verpligte vakke waar voorsiening gemaak word vir die landboukundige rigting hoofsaaklik vir seuns en die huishoudkundige rigting vir dogters wat impliseer dat die interne skoolorganisasie so ingestel sal moet word dat onderwys in die twee regtings gelyktydig geskied, wat op sy beurt weer 'n beperkende uitwerking op die lesrooster het met betrekking tot die verspreiding van die vakonderwys oor die week.
Daarby moet die skool sy organisasie so instel dat daar voldoende geleentheid vir praktiese onderwys sal wees. Word daarvoor gedurende die gewone skoolure tyd ingeruim, word 'n probleem t.o.v. die tydstoekenning aan die orige vakke geskep. Daarby vereis die versorging van die diere wat 'n noodsaaklike aktiwiteit van die onderwys is nie net as praktiese toepassing van die teorie nie maar ook ter verwesenliking van die doelstellinge, dat die praktiese onderwys buite die gewone skoolure geskied, wat in die praktyk neerkom op verlenging van die skooldag.
Behalwe dat hierdie reëling strydig mag wees met die Onderwysdepartement se voorskrif insake maksimumklastye,[3] skep dit ook nog twee verdere probleme:

(i) t.o.v. die dogters vir wie daar genoeg tyd vir praktiese onderwys in kookkuns en modemakery gedurende/...

1. Vgl. bl. 40 , regulasie a (ii) en bl. 41 regulasie (o).
2. Vgl. bl. 31.
3. T. O. D.:Handboek van Instruksies vir Leiding van Hoofde van Skole, bl. 79.

gedurende die gewone lesperiodes is, sodat daar addisionele bedrywighede vir hulle gedurende die addisionele tyd wat ingestel word, gevind moet word;

(ii) die bywoning van die middagsessie deur dagskoliere wat ver van die skool af woon of wat met skoolbusse vervoer word wat ook laerskole bedien, e.d.m.

Die eerste probleem kan opgelos word deur aan die koshuis 'n spesifieke opvoedkundige funksie toe te ken nl. die verskaffing van praktiese onderwys aan dogters in huishoudkunde op dieselfde wyse as wat die boerdery praktiese onderwys verskaf aan landbouleerlinge.
Die tweede probleem kan opgelos word deur dagskoliere te onthef van die praktiese onderwys by die skool en projekte aan hulle op te dra wat tuis uitgevoer moet word.[1] Hierdeur word egter weer 'n probleem geskep aangesien dit sal beteken dat onderwysers gereelde besoeke daar moet aflê om die uitvoering van die projek te kontroleer en beoordeel.
'n Alternatiewe oplossing is om leerlinge wat landbou-onderwys verkies, te verplig om by die koshuis wat aan die skool verbonde is in te woon.

(c) Personeelvoorsiening.

(i) Toekenning. As gevolg van die feit dat skole wat landbou-onderwys voorsien noodgedwonge moet differensieer en as gevolg van die eise wat die boerderybedryf en die verskaffing van praktiese onderwys stel, kan die skool sy taak nie verrig indien personeeltoekenning volgens die vasgestelde skaal vir middelbare skole geskied nie en derhalwe kom die Onderwysdepartement hierdie skole tegemoet deur die instelling van surnumerêre poste na gelang van omstandighede.[2]
Indien die probleem van praktiese onderwys m.b.t. dogters langs die aangeduide weg opgelos word, sal die huishoudkundige rigting heeltemal parallel met die landboukundige verloop en van dieselfde omvang wees en derhalwe sal dit kan aanspraak maak op gelykberegting t.o.v. personeelvoorsiening ten einde die afdeling tot sy volle reg te laat kom.
Origens verg sodanige inrigtings nie net professionele maar ook vakkundige personeeltoewysing, bv. plaasvoormanne, huishoudkundiges, e.d.m.

(ii) Kwalifikasies. Hierdie inrigtings het nie net besondere behoeftes wat betref die kwantiteit van sy personeel nie maar ook wat betref die kwaliteit. Op die eise wat die koshuisboer-

dery/...

---

1. Vgl. verslag van die Komitee insake Landbou-onderwys, bl. 42.
2. Blykens 'n mededeling van die Adviseur van Landbou-onderwys.

dery aan die hoof van die skool en die superintendent van die koshuis stel,[1] is reeds gewys dog uit wat hieraan voorafgegaan het, sal dit duidelik wees dat die eise wat aan die res van die personeel gestel word ook van besondere aard is. Die landbou-onderwysers sal nie alleen oor goeie akademiese en professionele kwalifikasies moet beskik nie, maar hulle sal ook bedrewe moet wees in die boerderypraktyk. Daarbenewens verg die doelstelling van landbou-onderwys dat die personeel saamgestel moet word uit manne en vroue wat besiel is met entoesiasme en deurdrenk met idealisme vir die saak.
Ook die vakkundige personeel sal deeglik toegerus moet wees sodat die praktyk wat hulle moet beoefen op hoë peil in ooreenstemming met die teorie kan wees en omdat hulle nie net gedurig besig is om op te voed deur die voorbeeld wat hulle stel nie maar ook dikwels werkspanne uit die geledere van die leerlinge moet hanteer.

5. Slotsom. In soverre dit beoordeel kan word uit wat bekend is, is die tegniese beleid m.b.t. die opvoedkundige funksie van die koshuisboerderye geregverdig en doeltreffend, dog 'n finale oordeel sal eers gevel kan word wanneer die beleid voltooi en afgerond is, ook t.o.v. probleme wat tans nog bestaan bv. i.v.m. skoolorganisasie, praktiese onderwys vir seuns en dogters, personeelvoorsiening, e.s.m.

## IV. VOORSKRIFTE I.V.M. DIE SOSIO-EKONOMIESE FUNKSIE.

Gesien teen die historiese agtergrond van sy instelling, het die koshuisboerderye 'n sosio-ekonomiese funksie in die voorsiening van lewensmiddels aan die inwoners en diere van die inrigting teen redelike koste en die tegniese beleid in hierdie verband soos tans in werking is in besonderhede voorgeskryf in die Onderwysdepartement se omsendbrief 55 van 1956 (T.E. 39 gedateer 21 Augustus 1956) en veral, wat die boerdery betref, in Omsendbrief 30 van 1957 (T.O.A. 19-1-3 gedateer 20 Maart 1957), terwyl die bepalings van § 9 van Omsendbrief 59 van 1951 (E 11/29 gedateer 10 September 1951) insake die halfjaarlikse voorlegging van inkomste- en uitgawerekenings en balansstate nog nie herroep is nie.

1./...

---

1. Vgl. bl. 67.

1. <u>Bepalings van die Regulasies</u>. Volgens die regulasies:-

(a) moet die boerdery voedsel voorsien aan die inwoners en diere van die koshuis en praktiese onderwys verskaf aan leerlinge waar die koshuis verbonde is aan 'n skool wat landbou as vak doseer;

(b) moet die boerdery op beperkte skaal onderneem word en mag produksie gestaak word van produkte wat voordeliger deur die koshuis aangekoop kan word;

(c) moet alle inkomste en uitgawe i.v.m. die boerdery verantwoord word en in boeke vir die doel aangeteken word;

(d) mag surplusprodukte van die hand gesit word;

(e) moet die uitgawe wat noodwendig aangegaan moet word om toerusting en lewende hawe beskikbaar te stel vir die verskaffing van praktiese onderwys uit koshuisfondse gedek word dog enige inkomste wat daaruit verkry word, is inkomste van die koshuis;

(f) word die opbrengs van verouderde en onbruikbare boerderygereedskap (asook lewende hawe) in koshuisfondse gestort, dog die opbrengs verkry uit oortollige gereedskap en lewende hawe word in die Provinsiale Inkomste gestort.

Origens word die magte en pligte van die superintendent omlyn en die prosedure wat i.v.m. verskillende aangeleenthede gevolg moet word, neergelê. Verder bepaal reël 18 van Hoofstuk V van die koshuisreëls dat superintendente onder geen omstandighede mag toelaat dat voorrade, gereedskap, diere, voertuie, ens. wat aan die skool, plaas of koshuis behoort en derhalwe staatseiendom is, vir private doeleindes gebruik word nie.

2. <u>Implikasies van die Regulasie-bepalings</u>.

(a) <u>'n Rekeningstelsel en Kosteberekening is noodsaaklik</u>. Dat 'n rekeningstelsel noodsaaklik is, volg nie net uit die bepaling dat alle inkomste en uitgawe verantwoord en in boeke vir die doel moet aangeteken word nie, maar ook uit die vereiste dat produksie gestaak moet word van produkte wat voordeliger aangekoop kan word, wat op sy beurt weer produksiekostebepaling verg sodat dit nie slegs nodig is om te weet wat die uitgawe is wat aangegaan word om die produkte te lewer nie maar welke hoeveelhede van die produkte gelewer word.
Hierdie bepaling moet egter saamgelees word met dié i.v.m. uitgawe wat noodwendig aangegaan moet word om toerusting en lewende hawe beskikbaar te stel vir die verskaffing van praktiese onderwys want hiervolgens word van die boerdery verwag om

kapitale/...

kapitale beleggings te doen en wel vir die instelling van vertakkings waarvan die produkte hoogswaarskynlik voordeliger aangekoop kan word sodat die bepaling derhalwe strydig is met die sosio-ekonomiese funksie van die boerdery. Dit mag verder meebring dat die boerdery uitgawe bo sy draagkrag aangaan wat tot gevolg kan hê dat die koshuis sy losiesgelde sal moet verhoog en regverdiging vir hierdie bepaling mag moontlik gevind word in die relatiewe hoë koste wat aan landbou-onderwys verbonde is, soos blyk uit onderstaande tabel:-

TABEL IV.

KOSTE PER LEERLING VAN LANDBOU-, MIDDELBARE- EN NORMAALKOLLEGE-ONDERWYS.[1]

| Tipe Onderwys | Koste per Leerling | |
|---|---|---|
| | 1952 | 1954 |
| Landbou ....... | £189.15. 5 | £ 93. 4. 7 |
| Middelbaar .... | £ 56. 9. 5 | £ 61. 8. - |
| Normaalkollege | £198.16. - | £168. 2. 2 |

Langs die bovermelde weg sal 'n gedeelte van die addisionele koste vir landbou-onderwys indirek gedra word deur die ouers wat daarby belang het en dié tipe onderwys vir hule kinders verkies.

(b) Beheer is noodsaaklik.[2] 'n Verdere implikasie van die regulasies is dat daar doeltreffende eksterne en interne beheer oor die boerderypraktyk moet wees om te verseker dat:-

(i) dit binne perke gehou sal word en vir sy voorgeskrewe doel, en slegs daarvoor, aangewend word;

(ii) die koshuis-inkomste beperk is tot die voorgeskrewe bronne en die uitgawe tot die aangewese doeleindes;

(iii) slegs produkte deur die boerdery vir mens en dier geproduseer word wat nie voordeliger aangekoop kan word nie;

(iv) die superintendent binne die perke van sy magte bly, sy pligte uitvoer en die voorgeskrewe prosedures volg;

(v)/...

1. Verslae van die Provinsiale Ouditeur vir die boekjare 1952/53 en 1954/55.
2. Vgl. ook bl. 56.

(v) staatseiendom nie misbruik word nie;

(vi) alle inkomste en uitgawe verantwoord word;

(vii) wanpraktyke soos verduistering, diefstal, verkwisting en vernieling uitgeskakel word.

3. Die Rekordstelsel i.v.m. Koshuisboerderye.

(a) Sy Funksie. Teen die agtergrond van die implikasies gesien, is die rekeningstelsel wat deur die Onderwysdepartement se Omsendbrief 30 van 1957[1] eintlik 'n rekordstelsel deur middel waarvan aan die voorskrifte van die regulasies m.b.t. boerderytransaksies voldoen word en wat terselfdertyd daartoe moet dien om die nodige beheer oor die boerderybedryf moontlik te maak. Die rekordstelsel vloei dus in werklikheid voort uit die implikasies van die regulasie-bepalings.
Behalwe hierdie primêre funksie, dien die rekords nog 'n verdere goeie doel want „noukeurige boerdery-rekords vorm 'n betroubare basis waarop toekomsbeplanning met vertroue kan geskied. Soos die kompas van 'n skip die rigsnoer van die stuurman is, kan goeie boerderyrekords die boer rigting gee."[2]
Meer in besonderhede gestel, dien die rekordstelsel daartoe om die nodige statistieke te voorsien waaruit afleidings gemaak kan word betreffende sake soos: produksiekoste van verskillende produkte, graanproduksie per morg en per sak saad, melkproduksie per koei, eierproduksie per hen, voerverbruik per bees, vark of hoender, roomgehalte van melk, bottervetgehalte van room; die invloed van wisselbou, geografiese en klimaatsfaktore, wisselbeweiding, waterbewaring en grondbewaring op die boerdery; die verhouding tussen voeding en produksie, die uitwerking van gewysigde voedingsrantsoene op produksie, en talle ander sake van belang by beplanning en beslissings wat geneem moet word i.v.m. boerderyaangeleenthede.
Daar is nog die sielkundige aspek van die saak: Waar rekord gehou en verslag gelewer moet word, is minder geleentheid en geneëntheid tot wanpraktyke, soos verduistering, diefstal, ens.

(b) Die Grondslag. Die stelsel is daarop gebaseer dat die talle transaksies wat gedurig in die boerdery plaasvind en waarvan rekenskap gegee moet word, in verband gebring kan word met:-

(i) Die inwerking van die boerdery op sy omgewing deur produkte en dienste wat dit lewer aan verbruikers soos:-

persone wat kontant betaal daarvoor;

die koshuis, wat verantwoord word by wyse van verrekening in die finale rekenings;

vertakkinge/..

---

1. Vgl. bl. 43.
2. Van Wyk, S. P.: Boer vorentoe met behulp van Boerderyrekords. Boerdery in Suid-Afrika, deel 33, nr. 4. (Julie 1957).

vertakkinge van die boerdery, wat produkte en dienste van ander vertakkinge ontvang en wat verantwoord word deur kontra-inskrywings in die boerderyrekening.

Hierdie transaksies verteenwoordig die ontvangste of inkomste van die boerdery.

(ii) Die inwerking van die omgewing op die boerdery deur voorrade en dienste wat dit ontvang van leweransiers soos:-

firmas en handelaars wat in kontant betaal word;

die koshuis wat verantwoord word deur verrekening in die finale rekenings;

vertakkinge van die boerdery wat produkte en dienste aan ander vertakkinge lewer en wat verantwoord word deur kontra-inskrywings in die boerderyrekening.

Hierdie transaksies verteenwoordig die betalings of uitgawe van die boerdery.

Samevattend kom dit dus daarop neer dat die stelsel berus op die feit dat die transaksies verdeel kan word in die gewone twee groepe nl. inkomste en uitgawe, maar dat elkeen van hulle weer onderverdeel kan word in wat gerieflikheidshalwe genoem kan word kontant-, koshuis- en kontra-transaksies.

(c) Toepassing van die Stelsel in die Praktyk. Die praktiese toepassing van die stelsel vind in drie kumulatiewe fases plaas deur:-

(i) daaglikse versameling van die gegewens;

(ii) maandelikse opsomming en verwerking van die gegewens en oorboeking na die produkteregister;

(iii) afronding en periodieke vertolking van die gegewens.

(i) Versameling van die Gegewens. Wanneer gegewens versamel word vir rekorddoeleindes en dus ook vir die doeleindes van boekhouding, word 'n prosedure gevolg wat sistematies, betroubaar, geldig, ekonomies, omvattend, gereeld, en eenvoudig dog doeltreffend is en dit geskied, in die geval van transaksies, deur 'n faktuur vir elke transaksie uit te maak, waarop die besonderhede betreffende die datum, koper, die aard van die goedere of dienste, die prys en die waarde verskyn.
Nou fungeer 'n koshuisboerdery so dat die transaksies by die verskillende vertakkings betreklik eensoortig, repeterend en beperk is tot 'n betreklike klein groepie verbruikers wat dit moontlik maak om 'n faktuur te ontwerp waarop alle transaksies van 'n besondere ver-

takking/...

takking vir ŉ maand aangeteken kan word en aangesien die pryse waarteen die produkte wat daarby betrokke is deur die Onderwysdepartement vasgestel is, hoef slegs die gelewerde hoeveelheid aangeteken te word. Hieruit is die Maandstaat (T. O. D. 130) gebore waarop gereelde transaksies aangeteken en geklassifiseer word as kontant-, koshuis- of kontratransaksies, soos op bl. 44 beskryf is.
Getoets aan die vereistes, is die idee van die maandstaat onoortreflik dog die poging tot oorvereenvoudiging deur die staat in dieselfde vorm vir alle vertakkings voor te skryf, veroorsaak baie las in die praktyk omdat omstandighede van vertakking tot vertakking só verskil dat ŉ eenvormige staat vir almal feitlik ŉ onmoontlikheid is. Ter stawing hiervan hoef slegs verwys te word na die feit dat die melkery sy produk tweemaal maar die pluimveeboerdery syne eenmaal per dag lewer terwyl die lewering van groente uit die tuine weer op ŉ ander grondslag geskied as by die voornoemdes. In sy voorgeskrewe vorm is die staat dan ook slegs geskik vir die pluimveevertakking.
Die doeltreffendheid van die stelsel sal aanmerklik verhoog word indien die idee behou word, maar ŉ afsonderlike staat wat by die omstandighede pas vir elke vertakking ontwerp word. Ter illustrasie, word die volgende gemotiveerde ontwerpe gegee:

LEWENDE HAWE.

Ten einde die gegewens wat nodig is om die lewende hawereëister op datum te hou, soos beskryf op bl.48 , en terselfdertyd die nodige inligting te verstrek aangaande lewerings aan die koshuis by wyse van geslagte vee, bv., is ŉ staat soos die volgende nuttig:-

S. O. S.

LEWENDE HAWE. (__________).

Staat vir die Maand __________ 195__.

| Klas | Vermeerdering. | | | Vermindering | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Datum | Besonderhede | Getal | Datum | Besonderhede | Getal |
| A | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | Totaal ......... | | | Totaal (t) .. | |
| | | O/b ............ | | | | |
| | | Groot Totaal (T) | | | O/d (T)-(t) | |
| B | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | Totaal ......... | | | Totaal (t) .. | |
| | | O/b ............ | | | | |
| | | Groot Totaal (T) | | | O/d (T)-(t) | |
| C | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | Totaal ......... | | | Totaal (t) .. | |
| | | O/b ............ | | | | |
| | | Groot Totaal (T) | | | O/d (T)-(t) | |

VOORSKRIFTE.

1. 'n Afsonderlike staat moet ingedien word vir elke vertakking, nl Beeste, Pluimvee, Skape, Varke.
2. Nulstate: Wanneer die getalle by 'n vertakking gedurende die loop van 'n maand onveranderd gebly het, word 'n nulstaat ingedien.
3. Klas: A: Groot diere of pluimvee.
   B: Jong diere of pluimvee.
   C: Kalwers, kuikens, lammers of varkies.
4. Besonderhede: Vermeerdering: Vul in: Aankope, Aanteel, Gerui Geskenk, Oorgeplaas van C of B of van 'n ander koshuis, ens.
   Vermindering: Vul in: Dood, Geslag, Oorgeplaas na A of B of na 'n ander koshuis, Verkoop, Verlore, Verruil, ens.
5. O/b: Getal oorgedra van vorige staat toe 'n verandering plaasge vind het.
   O/d: Getal wat oorgedra word na die volgende staat. Hierdie getal behoort natuurlik te klop met die getal diere wat werk-lik voorhande is in die betrokke klas.

----------oOo----------

M.b.t. die lewende haweregister dien verder vermeld te word dat die voorskrif dat oorplasing van een ouderdomsklas na 'n ander van 'n besondere vee-tipe slegs jaarliks op 31 Desember gedoen moet word uit administratiewe oogpunt moontlik mag skyn, dog in die praktyk deug dit net nie en behoort dit gedoen te word wanneer nodig en die inskrywing in die register moet gedoen word wanneer oorplasing plaasvind om redes wat voor die hand lê.

Pluimvee.

Hoewel die maandstaat, soos reeds vermeld, by hierdie vertakking doeltreffend aangewend kan word alhoewel dit seker nie nodig is om daaglikse balanse oor te dra nie, is die daaglikse produksie ook nodig om die persentasie produksie vir die afsonderlike kampe te kan bepaal, ten einde kontrole oor die versorging, voeding en produktiwiteit uit te oefen. Die kampgegewens gee 'n duideliker beeld van die verloop van sake as die totale gegewens aangesien die vinger dan gelê kan word op afwykings in 'n besondere kamp.

'n Staat soos die volgende sal hiervoor deug.

EIERPRODUKSIE: AFSONDERLIKE KAMPE.

Tydperk __________ 195___.

| Kamp | Henne | 1 | 2 | 3 | 4 | 28 | 29 | 30 | 31 | Tot. | %-Produksie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| I | | | | | | | | | | | |
| II | | | | | | | | | | | |
| III | | | | | | | | | | | |
| Totaal | | | | | | | | | | | |

Daaglikse totale word oorgedra na Afd. A van T. O. D. 130.

Melkery.

Hier is twee primêre state nodig: een waarop die produksie van die indiwiduele koeie aangeteken kan word waaruit spesifieke koeie se melkproduksie en laktasieperiode bepaal kan word en 'n ander waarop die totale produksie en distribusie vir elke melkgeleentheid aangedui word.

MELKPRODUKSIE: INDIWIDUEEL.

Tydperk __________ 195___.

| Datum | Koei A | | | Koei B | | | Koei C | | | Koei D | | | Koei E | | | Koei F | | | Totaal. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T |
| 1. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 27. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 28. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tot. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

M: Môre of Voormiddag.
A: Aand of Namiddag.
T: Totaal vir dag.

# MELKPRODUKSIE EN -DISTRIBUSIE.

Tydperk: ____________ 195__

| Datum. | Produksie | | | Kontant. | | | | | | | | | | | | Koshuis. | | | Kontra | | | | | | Na Romery | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Onderwyser. | | | Hhk-sentrum | | | ens. | | | ens. | | | | | | Plaasvoorman | | | Kalwers | | | | | |
| | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T |
| 1. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 25. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 26. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 27. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 28. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tot. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| TOD 360 | | | | Nr. | | | Nr. | | | Nr. | | | Nr. | | | | | | | | | | | | | | |

Indien daar surplusmelk is wat afgeroom word, is 'n derde staat wenslik sodat aangeteken kan word hoe die room en afgeroomde melk gedistribueer word.

ROMERYSTAAT.

Tydperk__________195____.

| Datum | Volmelk van Melkery | | | Room | | | | | | | | | | | | Afgeroomde Melk. | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Produksie. | | | Distribusie. | | | | | | | | | Produksie. | | | Distribusie. | | | | | | | | |
| | | | | | | | Kontant | | | Koshuis. | | | Kontra | | | | | | Kontant | | | Koshuis | | | Kontra | | |
| | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T | M | A | T |
| 1. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 28. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tot. | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | * | | | | | | | | | | | | * | | | | | | | | | |

* T. O. D. 360-nommers.

Groente en Vrugte.

Uit die aard van die saak sal hier anders te werk gegaan moet word as in die vorige gevalle, gesien die verskeidenheid van groente- en vrugtesoorte wat gewoonlik beskikbaar is en ook die feit dat lewering hier op aanvraag geskied, sodat 'n staat vir hierdie vertakkings onprakties sal wees.

Om hierdie moeilikheid te oorbrug, word voorgestel dat die staat vervang word met 'n boek waarin gereelde verbruikers hul bestellings aanteken, dit aan die plaasvoorman stuur wat dan die hoeveelhede wat gelewer word in die betrokke ruimte aanteken en parafeer. Op ontvangs kontroleer die verbruiker die hoeveelheid en parafeer om ontvangs te erken en as korrek te sertifiseer.

Aan die einde van die maand kan die lewerings vir die maand opgesom word.

Aparte boeke of afdelings van dieselfde boek moet liefs vir groente en vrugte afsonderlik gebruik word.

Liniëring kan soos volg wees:

| Datum | Soort | Hoeveelheid | | Paraaf. | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Benodig | Gelewer | Plaasvoorman. | Ontvanger |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

Voorrade.

Boerderyvoorrade word dikwels gebruik vir ander doeleindes as waarvoor dit aangekoop of geproduseer word. So bv. bestaan die moontlikheid dat van die misstowwe, wat gewoonlik vir die lande aangekoop word, na ander vertakkings soos die groentetuin en vrugteboord of selfs na die koshuis of skool se blomtuine oorgeplaas word. Brandstof en smeerolie word nie net vir die plaasmasjinerie aangehou nie, maar ook om die inrigting van krag en water te voorsien. Voersoorte, weer, word deur die lande geproduseer maar deur die lewende hawe verbruik.

Ten einde die gegewens in te win waaruit die kontant-, koshuis- en kontraverrekenings gemaak kan word, word voorgestel dat 'n omnibus-staat soos die volgende by elke vertakking gehou word waar die toepaslike byskrifte gedoen kan word. Deur die eenheidsprys telkens op die staat vir die verskillende items aan te bring, word die verrekening vergemaklik.

VERTAKKING ________________. Maand __________ 19__.

| | * | * | * |
|---|---|---|---|
| Eenheidsprys | | | |
| Balans O/b ............. | | | |
| Ontvang ................ | | | |
| Totaal (A) ............. | | | |
| Uitgereik: Skool ...... | | | |
| Koshuis .... | | | |
| ........... | | | |
| ........... | | | |
| Totaal (B) ............. | | | |
| Balans O/d ((A)-(B)) ... | | | |

* Items.

DIENSTE.

Vragmotor.

In reël 66[1] van Hoofstuk V van die Handboek van Regulasies en Reëls word voorgeskryf dat 'n verslagboek waarin besonderhede van elke rit opgeteken moet word betreffende die afstand, bestuurder, passasiers en doel. Geskikte liniëring van die boek sal soos volg wees:

| Datum | Mylmeter-lesing | Afstand | Getal Passasiers | Bestuur-der | Doel van Rit. |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

Die verskil tussen twee opmekaarvolgende lesings van die mylmeter gee die afstand van die vorige rit en die doel van elke rit bepaal of dit as kontant-, koshuis- of kontraverrekening behandel moet word.

Die doel van 'n rit sal ook die gegewens verstrek i.v.m. neweprodukte van die vertakkings.

Trekker.

Vir besonderhede van die diens wat die trekker verrig, kan 'n verslagboek wat gelinieer is soos die voorbeeld hieronder, gebruik word. Die prosedure in verband daarmee is soos vir die vragmotor behalwe dat die verrekening in hierdie geval op die duur van die diens gebaseer word.

| Datum | Horlosielesing | Duur | Besonderhede van Diens |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Neweprodukte/..

1. Vgl. bl. 36.

Neweprodukte.

Sommige vertakkinge lewer belangrike neweprodukte, bv. mis en vuurmaakhout en enige lewering wat hier geskied, kom aan die lig uit die vragmotor- en trekkerdienste aangesien hierdie neweprodukte normaalweg slegs aan die skool, koshuis of ander vertakkings gelewer word waarheen dit met die vragmotor of trekker vervoer word.

Die verdere bepalings van die voorskrifte t.o.v. die gebruik van 'n uitreikingsbewys (T. O. D. 360) vir transaksies soos k.b.a.-lewerings of ware wat die koshuis af en toe aan die boerdery lewer kan heeltemal geregverdig word uit wat reeds gesê is omtrent die rol wat die faktuur in 'n besigheid speel.

(ii) Opsomming en verwerking van die gegewens. Volgens die voorskrifte moet die produkte en dienste soos in hoeveelheidsvorm op die maandstaat aangeteken, aan die einde van die maand opgesom en op 'n uitreikingsbewys gespesifiseer word. Die bedrae word bereken teen die voorgeskrewe tariewe en 'n uitreikingsbewys word aan elke verbruiker uitgemaak.[1]

Vir kontanttransaksies is hierdie prosedure heeltemal in orde, dog in die geval van koshuis- en kontratransaksies is dit 'n moeisame en tydrowende prosedure aangesien daar nadat die uitreikingsbewys voltooi is, eers weer 'n ontleding gedoen moet word om te bepaal hoe die ontvangste oor die vertakkings versprei moet word. In die geval van die produkte aan die koshuis gelewer, moet verder weer by wyse van ontleding vasgestel word hoe die bedrae tussen die verskillende uitgaweposte van die koshuisrekenings verdeel moet word. En dieselfde geld vir die uitgaweverspreiding oor die boerderyvertakkings wat die kontratransaksies betref.

Die repeterende en kumulatiewe aard van die transaksies maak dit moontlik om in hierdie gevalle 'n veel eenvoudiger prosedure te volg sonder om doeltreffendheid prys te gee deur opsommingstate in te voer waarop die verwerking en ontleding van die maandstaattotale grotendeels gelyktydig kan geskied, terwyl dit al die skryfwerk wat elke maand op die koshuis- en kontra-uitreikingsbewyse gedoen moet word, uitskakel.

Deur die voorskrifte se maandstaat te noem wat hy in werklikheid is nl. 'n dagstaat, kan hierdie state dan as maandstate bestempel word om terselfdertyd hul funksie te tipeer.

---

1. Vgl. bl. 45.

## MAANDSTAAT VIR PRODUKTE DEUR BOERDERY AAN KOSHUIS GELEWER.

_______________ 195_____

| Vertakking. | Produk. | Hvh. | Prys | Bedrag | Analise vir Koshuis-inkoopdagboek |
|---|---|---|---|---|---|
| Brandstof . | Ru-olie ..... | | | | Brandstof. |
| | Smeerolie ... | | | | do. |
| | Totaal (A) | | | | |
| Lande ..... | Aartappels .. | | | | Groente. |
| | Groenmielies | | | | do. |
| | Pampoen ..... | | | | do. |
| | Patats ...... | | | | do. |
| | Kunsmis ..... | | | | Diverse. |
| | Trekkerdiens | | | | 1. |
| | Totaal (B) | | | | |
| Melkery ... | Melk ........ | | | | Melk. |
| | Room ........ | | | | Botter. |
| | Vleis ....... | | | | Vleis. |
| | Mis ......... | | | | Diverse. |
| | Totaal (C) | | | | |
| Pluimvee .. | Eiers ....... | | | | Eiers. |
| | Vleis ....... | | | | Vleis. |
| | Mis ......... | | | | Diverse. |
| | Totaal (D) | | | | |
| Skape ..... | Vleis ....... | | | | Vleis. |
| | Mis ......... | | | | Diverse. |
| | Totaal (E) | | | | |
| Tuin ...... | Groente (F) . | | | | Groente. |
| Varke ..... | Vleis ....... | | | | Vleis. |
| | Mis ......... | | | | Diverse. |
| | Totaal (G) | | | | |
| Vragmotor . | Transport (H) | | | | 1. |
| Vrugteboord | Vrugte (I) | | | | Vrugte. |
| Groot-Totaal (J)[2] | | | | | |

**Opsomming van Inkoopboekanalise.**

| Toewysing. | Bedrag. |
|---|---|
| Kruideniersware ................. | |
| Vleis en Vis .................... | |
| Brood ........................... | |
| Melk ............................ | |
| Botter, Vet en Kaas ............. | |
| Eiers ........................... | |
| Vrugte .......................... | |
| Groente ......................... | |
| Totaal (K) | |
| Water, Brandstof, Lig ........... | |
| Wasgoed ......................... | |
| Skoonmaak ....................... | |
| Bate ............................ | |
| Diverse ......................... | |
| Totaal (M) | |

1. Hierdie bedrae word verdeel onder die toewysingsposte volgens die gelewerde dienste.
2. (A)+(B)+(C)+(D)+(E)+(F)+(G)+(H)+(I)=(J)=(K)+(M).

Voorgaande is 'n moontlike staat om te gebruik vir die produkte en dienste wat die koshuis van die boerdery met vertakkings soos daarop vermeld, ontvang. Die staat word voltooi deur die totale gegewens van die dagstate daarop oor te dra en die bedrae te bereken. Oorboeking kan nou hiervandaan geskied na die produkteregister, die koshuis se inkoopdagboek en finale rekenings alhoewel dit verkieslik sal wees om die laasgenoemde twee oorboekings slegs aan die einde van die termyn waaroor verslag gedoen moet word, te doen deur verdere opsommingstate in te voer waarop die maandtotale oorgedra word om aan die einde van die termyn opgesom te word.

Hieronder verskyn 'n ontwerp vir so 'n opsommingstaat vir 'n termyn van 6 maande.

OPSOMMINGSTAAT VIR PRODUKTE DEUR KOSHUIS
ONTVANG VAN BOERDERY.

Termyn (Halfjaar) wat eindig ...............

| Maand. | Kruideniers-ware. | Vleis Vis | Brood | Melk |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| Totaal. | | | | |

Die volgende is 'n voorbeeld wat die moontlikheid illustreer om 'n maandstaat vir die kontra-transaksies te ontwerp vir 'n boerdery met vertakkings soos daarop aangedui. Die ontvangste-inksrywings daarop word terselfdertyd in die ruimte langsaan aan die vertakkings as uitgawebedrae geallokeer waaruit die uitgawe-opsomming saamgestel kan word.

S. O. S.

## MAANDSTAAT VIR KONTRA-TRANSAKSIES.

Tydperk ____________ 19____.

| Inkomste. | | | | | Uitgawe-analise. |
|---|---|---|---|---|---|
| Vertakking. | Produkte | Hvh. | Prys | Bedrag | |
| Brandstof . | Kragparaffien | | | | Lande |
| | Ru-olie ...... | | | | Lande |
| | Petrol ....... | | | | Vragmotor |
| | Smeerolie .... | | | | Lande |
| | Totaal | | | | |
| Lande ..... | Kunsmis: ..... | | | | Tuin Boord |
| | .......... | | | | Tuin Boord |
| | .......... | | | | Tuin Boord |
| | .......... | | | | Tuin Boord |
| | Saad ........ | | | | Tuin |
| | Trekker ...... | | | | 1. |
| | Voer: Groen .. | | | | Melkery |
| | Hooi ... | | | | Melkery Skape |
| | Krag ... | | | | Melkery Varke |
| | Stronke | | | | Melkery |
| | Totaal | | | | |
| Melkery ... | Melk: Vol .... | | | | Kalwers |
| | Afgeroom | | | | Kalwers |
| | Room ........ | | | | Vertakkings |
| | Mis .......... | | | | Lande Tuin |
| | Totaal | | | | |
| Pluimvee .. | Eiers ........ | | | | Vertakkings |
| | Mis .......... | | | | Tuin |
| | Totaal | | | | |
| Skape ..... | Vleis ........ | | | | Vertakkings |
| | Mis .......... | | | | Tuin Lande |
| | Totaal | | | | |
| Tuin ...... | Groente ...... | | | | Varke |
| Varke ..... | Mis .......... | | | | Tuin |
| Vragmotor . | Transport .... | | | | 1. |
| Vrugteboord | Vrugte ....... | | | | Varke |
| Totaal vir Maand | | | | | |

| Uitgawe. | |
|---|---|
| Vertakking | Bedrag |
| Brandstof ........................ | |
| Lande ............................ | |
| Melkery .......................... | |
| Pluimvee ......................... | |
| Skape ............................ | |
| Tuin ............................. | |
| Varke ............................ | |
| Vragmotor ........................ | |
| Vrugteboord ...................... | |
| Totaal vir die Maand | |

1. Word geallokeer aan vertakkings waarop die dienste betrekking het.

Langs hierdie weg word kumulatiewe gegewens vergader nie net vir die opstel van die finale rekenings nie, maar ook vir statistiese doeleindes wat baie waardevol kan wees, veral as daarmee saam ook kumulatief rekord gehou word van die hoeveelhede wat geproduseer word.[1]
Alvorens oorgegaan word na 'n kritiese beskouing van die afronding en vertolking van die gegewens, dien vermeld te word dat die volgende sake van belang vir die tegniese beleid die aandag sal moet geniet sodat 'n basis waarop die verrekening in verband daarmee bepaal kan word alvorens 'n ware en suiwer oordeel oor die boerderyverloop moontlik is:

Kombuisafval:

Wanneer die koshuis in volle swang is, ontvang die varke 'n aansienlike deel van hul stapelvoedsel uit hierdie bron en dit is wenslik dat dit in aanmerking geneem moet word.

Watervoorsiening:

Nie alleen word die vee daagliks van water voorsien nie, maar ook word aansienlike hoeveelhede gebruik vir die besproeiing van die tuin en vrugteboord en die voorsiening geskied dikwels in groot mate ten koste van die koshuis. Ten einde 'n basis te vind waarvolgens die boerdery billikerwys hiervoor aangeslaan behoort te word, sal dit moontlik nodig wees om watermeters te installeer.

Leerlingarbeid:

Ook dit is 'n faktor van belang aangesien die versorging van die diere gedurende die skoolkwartale feitlik geheel-en-al deur leerlinge behartig word. Daarby word hul arbeid aangewend by plaasontwikkeling, bv. die span van kampdrade, by akkerbou, bv. die insameling van oeste en by die dorsvloer. In sy geheel geneem, is dit geen geringe faktor nie en 'n basis behoort hier ook gevind te word, moontlik deur 'n berekening van die gemiddelde man-ure wat die koshuis via sy kosgangers aan die boerdery lewer. Die feit dat dagskoliere ook aan die praktiese werk vir onderwysdoeleindes deelneem, hoef slegs 'n rol te speel waar hul aandeel/...

1. Vgl. bl. 77.

aandeel noemenswaardig is wat egter stellig meer die uitsondering as reël sal wees.

Hierdeur kan daar terselfdertyd 'n kwantitatiewe maatstaf geskep word vir die bepaling van die omvang van praktiese onderwys.

(iii) Afronding en Vertolking van die Gegewens. Met die oog op afronding en vertolking van die gegewens, word die produkteregister bygehou in twee afdelings, nl. een vir kontanttransaksies en die ander vir koshuis- of kontratransaksies, 'n reëling wat nie gemotiveer word nie en derhalwe moeilik beoordeel kan word. Feit is egter dat dit 'n verbrokkelende uitwerking het en meebring dat die verloop van die boerdery as geheel nie oorsigtelik weergegee word nie. Indien dit werklik essensieel is om te segregeer, kan dit geskied deur voldoende ruimte aan die begin van die aanvangsfolios van die register daarvoor te laat. Op hierdie wyse kan die totale t.o.v. hierdie transaksies aan die einde nog afsonderlik bepaal word, maar terselfdertyd aansluit by die kontanttransaksies om sodoende by die groottotale ingeskakel te word. Benewens voorskrifte oor hoe die oorboekings van die uitreikingsbewyse na die produkteregister geskied, 'n uiteensetting van hoe om die debiteure te bepaal en daarmee te handel en 'n aanduiding van die joernaalinskrywings vir oordrag na die finale rekenings, word daar geen verdere leiding gegee i.v.m. die afronding en vertolking van die gegewens nie. Ook word geen melding gemaak van hoe gehandel moet word in die geval van krediteure nie, wat wel wenslik is.
Ook Omsendbrief 55 van 1956 (TE 39 gedateer 21 Augustus 1956)[1] verswyg hierdie aangeleentheid en vermeld slegs dat spoorvrag vir sowel koshuis as boerdery as sodanig moet aangewys word en derhalwe nie by die uitgawes t.o.v. die poste waarop dit werklik betrekking het, ingesluit moet word nie. Dit bring mee dat spoorvrag op kunsmis bv. nie as uitgawe aan Lande sal toegewys word nie maar slegs as spoorvrag. Weereens ontbreek die motief vir hierdie buitengewone reëling, dog daar moet tog vermeld word dat dit 'n vertroebelende effek het en dus nie geregverdig kan word nie. Ook verkies die Koshuisadviseur vir sy doeleindes die logiese toewysing aangesien in Afdeling D van Omsendbrief 32 van 1957 (T.O.A. 19-1 gedateer 27 Maart 1957) bepaal word dat spoorvrag en vervoerkoste nog soos voorheen in die Inkoopboek geallokeer moet word aan die poste waarop dit betrekking het.

Weens/...

1. Vgl. bl. 43.

Weens gebrek aan voorskrifte in verband met die finale afhandeling van die gegewens is daar dus geen ander uitweg as om terug te val op Omsendbrief 59 van 1951[1] waarin voorgeskryf word dat halfjaarlikse inkomste- en uitgawerekenings en balansstate van die koshuis aan die Departement moet voorgelê word. In hierdie verband lui die voorskrifte egter dat die natura-transaksies nie in berekening gebring moet word nie.
Afgesien van die negatiewe standpunt t.o.v. die koshuisboerdery wat hier ingeneem word, vertroebel die gebrek aan ko-ordinasie wat spreek uit Omsendbrief 30 van 1957 en 59 van 1951 sake vir die superintendent aangesien eg. voorskrifte bevat wat die rekordstelsel op 'n jaarlikse basis instel terwyl lg. halfjaarlikse opgawes verg wat meebring dat addisionele rekenpligtige werk verrig moet word terwyl die ideale toestand sou wees dat die rekordstelsel alle inligting wat nodig is moet kan lewer wanneer dit nodig is met die minimum van moeite. Daarbenewens is so 'n gebrek aan ko-ordinasie strydig met die beginsels van publieke administrasie.[2]
Hier bestaan dus 'n leemte in die tegniese beleid wat waarskynlik voortvloei daaruit dat met die opstel van die voorskrifte van Omsendbrief 30 van 1957 eerstens nie rekening gehou is met Omsendbrief 59 van 1951 nie en tweedens die saak benader is vanuit die oogpunt van die boerdery as sodanig sonder voldoende rekening te hou met die wisselwerking tussen koshuis en boerdery.
Die probleem kan opgelos word deur Omsendbrief 59 van 1951 so te wysig dat naturatransaksies wel in berekening gebring moet word en die prosedure t.o.v. die produkteregister so te wysig dat dit op 'n halfjaarlikse of kwartaallikse basis ingestel word. Die voorskrifte van Omsendbrief 30 van 1957 hoef dan slegs uitgebrei te word om die opstelling van die halfjaarlikse inkomste- en uitgawerekenings en balansstaat in te sluit.
'n Moontlike reëling in hierdie verband sal wees die opstelling van:-

eerstens, 'n inkomste- en uitgawerekening van die koshuis met insluiting van transaksies tussen koshuis en boerdery;

tweedens, 'n inkomste- en uitgawerekening van die boerdery in sy geheel, sowel as van elke vertakking met inagname van begin- en eindvoorrade;

derdens, 'n inkomste- en uitgawerekening van die inrigting, d.w.s. koshuis en boerdery gesamentlik deur amalgamasie van die vorige twee rekenings;

vierdens, die opstelling van 'n balansstaat met insluiting van geproduseerde boerdery-

voorrade/...

---

1. Vgl. bl. 38.
2. Vgl. bl. 5. (Organisasie).

voorrade voorhande en met inagname van die opgehoopte surplus van die boerdery as een van die laste van die koshuis, of die opgehoopte tekort van die boerdery (as daar een is) as een van die bates van die koshuis.

Ten einde die waarde van die boerderyvoorrade aan die einde van die termyn gemaklik te kry, sal dit wenslik wees om 'n opsommingstaat te gebruik waarop die waarde van die vertakkingsvoorrade oorgedra kan word.
Die indeling vir 'n register ingestel op kwartaallikse basis kan wees soos op die volgende voorbeeld:-

VOORRAADOPSOMMING.

| Vertakking | 1ste Kwartaal. | 2de Kwartaal |
|---|---|---|
| Brandstof ............ | | |
| Lande ............... | | |
| Melkery ............. | | |
| Pluimvee ............ | | |
| Skape ............... | | |
| Tuin ................ | | |
| Varke ............... | | |
| Vragmotor ........... | | |
| Vrugteboord ......... | | |
| Totaal | | |

Skematies kan die opstelling van die inkomste- en uitgawerekening soos volg voorgestel word.

KOSHUIS.

| Ontvangste. | Betalings. |
|---|---|
| Losies: Ouers.<br>Beurse.<br>Diverse. | Aankope. |
| Plus: Ander. | Plus: Ontvang van Boerdery. |
| Plus: Dienste gelewer aan boerdery bv. losies aan plaasvolk. | Plus: Beginvoorraad. |
| Plus: Eindvoorraad. | Min: Ware gelewer aan boerdery, bv. skoonmaakmiddels e.d.m. |
| Saldo indien enige (verlies), sê £x. | Saldo indien enige (wins), sê £y. |

## BOERDERY.

| Ontvangste. | Betalings. |
| --- | --- |
| Kontantverkope en debiteure | Kontantaankope en krediteure |
| Plus: Gelewer aan Koshuis. | Plus: Van koshuis ontvang. |
| Plus: Gelewer aan ander vertakkings (kontra). | Plus: Van ander vertakkings ontvang (kontra). |
| Plus: Eindvoorraad. | Plus: Beginvoorraad. |
| Som van verliese van vertakkings (indien enige). | Som van winste van vertakkings (indien enige). |

Die prosedure wat in die geval van die boerdery se inkomste- en uitgawerekening gevolg word is soos volg:

Nadat die inskrywings tot en met die voorrade gedoen is vir die hele boerdery sowel as die vertakkings, word elke vertakkingsrekening eers afsonderlik gebalanseer en daarna word die somme van die verliese en winste onderskeidelik ingeskryf soos hierbo aangedui, wanneer die totale boerdery se rekening dan behoort te balanseer.

Boerderywins (sê £a) = Som van winste - som van verliese
= Totale betalings - totale ontvangste.

Boerderyverlies (sê £b) = Som van verliese - som van winste
= Totale betalings - totale ontvangste.

## INRIGTING.

| Winste | Verliese |
| --- | --- |
| Koshuis: £y<br>Boerdery: £a | Wins = £(a+y). |
| Verlies: £(b+x) | Koshuis: £x<br>Boerdery: £b |
| Koshuis: £y<br>Verlies = £(b-y) as b>y | Boerdery: £b<br>Wins = £(y-b) as y>b |
| Boerdery: £a<br>Verlies = £(x-a) as x>a | Koshuis: £x<br>Wins = £(a-x) as a>x |

Nadat die gegewens wat geleidelik en kumulatief gedurende die termyn versamel is, afgerond en in die vorm van inkomste- en uitgawerekenings gegiet is, volg die vertolking deur hulle te ondersoek in die lig van die sosio-ekonomiese funksie van die boerdery.

So sal die koshuis se rekening o.a. aantoon of die boerdery sy plig doen t.o.v. voedselvoorsiening. Die uitgaweposte sal aantoon welke lewensmiddels en ander produkte die boerdery gelewer het en die koste daaraan verbonde sal alreeds 'n aanduiding wees van die hoeveelhede aangesien dit teen eenvormige pryse soos deur die Onderwysdepartement bepaal, in berekening gebring word. Meer inligting dienaangaande kan egter uit die maandstate versamel word en uit die hoeveelhede wat gelewer is teenoor die koste daaraan verbonde soos deur die uitgawes van die betrokke vertakkings getoon word, kan bepaal word in hoeverre die boerdery hom gebonde ag aan die stipulasie dat die voedsel teen redelike pryse gelewer moet word. Dit kom eintlik daarop neer dat 'n vraagteken by 'n vertakking geplaas moet word wanneer dit 'n verlies toon. In hierdie verband sal die opvoedkundige funksie van sodanige vertakking ook in gedagte gehou moet word.

Origens toon hierdie rekening ook hoe sake met die koshuis verloop het gedurende die termyn, dog hierdie aspek is nie hier ter sake nie.

Vervolgens kan uit die boerdery se rekening bepaal word of dit 'n lonende onderneming is. Uit die omvang van die kontanttransaksies kan 'n aanduiding gevind word of daar moontlik winsbejag is, en, indien wel, kan die sondebok aan die man gebring word deur ondersoek van die indiwiduele rekenings van die vertakkings. Ook sal die vertakkingsrekenings toon of daar antisosiale neigings by die vertakkings bestaan, dan wel of hulle soos goeie burgers elkeen na sy vermoë sy deel bydra tot almal se heil - m.a.w. die indiwiduele rekenings sal toon waar die

rooi/...

rooi, die geel en die groen ligte flits! Ook sal die kontra-transaksies openbaar of die boerdery aan sy verdere funksie voldoen, nl. voorsiening van voer vir sy lewende hawe.

Ten slotte sal die inrigting se rekening toon hoe die boerdery hom teenoor sy naaste buurman, die koshuis, gedra nl. of hy help om sy laste te dra dan wel of hy op hom parasiteer. Dit kan bepaal word deur na te gaan welke invloed hy gedurende die termyn op die surplus of tekort uitgeoefen het en die kumulatiewe bydrae tot die opgehoopte surplus of tekort kan uit die balansstaat bepaal word.

4. Samevatting.

Die sosio-ekonomiese funksie van die koshuisboerderye is van so 'n aard dat 'n rekordstelsel essensieel is om die gegewens te verstrek wat nodig is om te kontroleer of die boerderye aan hul doel beantwoord.

Die tegniese beleid in hierdie verband berus op die beginsel van gewone boekhouding met klassifikasie van die inkomste- en uitgawetransaksies in kontant-, koshuis- en kontra-transaksie.

In die praktyk word die gegewens versamel deur 'n maandstaat (wat liefs 'n dagstaat genoem moet word) vir elke boerderyvertakking aan te hou waarop die produkte en dienste wat gelewer word in hoeveelheidsvorm aangeteken word. Die idee hiervan is gesond, dog die voorgeskrewe staat is nie doeltreffend vir alle vertakkings nie en meer state behoort ontwerp te word om die praktiese uitvoering van die idee te bevorder.

Daarna word die gegewens opgesom en verwerk deur oordrag op uitreikingsbewyse, 'n prosedure wat goed werk in die geval van kontanttransaksie en ander transaksies wat slegs af en toe plaasvind, dog baie vereenvoudig kan word in die geval van koshuis en kontratransaksies a.g.v. die repeterende en kumulatiewe aard van hierdie transaksies, deur die invoering van maandstate.

Uiteindelik behoort die gegewens afgerond te word om

vertolking/...

tolking moontlik te maak dog die voorskrifte in hierdie opsig is karig en die wat daar is dui op gebrek aan ko-ordinasie tussen die benaderings van die saak vanuit die oogpunt van boerdery en koshuis onderskeidelik.

Die probleem kan opgelos word deur:-

(a) Instelling van die rekords van beide boerdery- en koshuisrekords op dieselfde termynbasis.

(b) Afronding van die gegewens deur hulle te giet in die vorm van inkomste- en uitgawerekenings vir:-

(i) die koshuis as sodanig met insluiting van produkte en dienste van die boerdery ontvang;

(ii) die boerdery as sodanig met insluiting van dienste en ware van die koshuis ontvang;

(iii) die inrigting, d.i. koshuis en boerdery gekombineerd deur amalgamasie van (i) en (ii).

Daarna kan die vertolking geskied.

5. Slotsom.

Aangesien die tegniese beleid die vorm aanneem van reëls en voorskrifte vir die leiding van die amptenare wie se taak dit is om die administratiewe beleid van dag tot dag uit te voer, is die toetssteen vir enige tegniese beleid die grondslag van die pragmatiese nl. slegs dit wat in die praktyk deug, is goed. Getoets hieraan, is die slotsom waartoe geraak word dat die tegniese beleid t.o.v. die sosio-ekonomiese funksie van die koshuisboerderye nou na verloop van sowat 21 jaar, op die regte grondslag geplaas is, dog die poging tot oorvereenvoudiging by die versameling van die gegewens, die versuim om die verwerking van die gegewens te vereenvoudig, die gebrek aan koördinasie tussen die tegniese beleid van boerdery en koshuis respektiewelik en die onvolledigheid van die beleid t.o.v. afronding en vertolking dien slegs om te beklemtoon dat daar nog veel te doen is (meer nog as i.v.m. die opvoedkundige funksie) voordat daar enigsins sprake kan wees van 'n afgeronde tegniese beleid wat strook met die algemene beginsels van die publieke administrasie/...

strasie.

En so 'n tegniese beleid is essensieel want die wyse waarop die koshuisboerderye in Transvaal ingestel is en aangewend word, het daarvan 'n unieke onderneming gemaak daarin, dat alhoewel dit 'n onderneming van die Provinsiale Administrasie is, dit nogtans by elke koshuis waaraan 'n boerdery verbonde is, selfstandig beheer en geadministreer moet word. Daarby dra die driehoek wat geskep word deur ook 'n opvoedkundige funksie aan die boerdery toe te ken beslis nie daartoe by om die taak eenvoudiger te maak nie sodat dit slegs billik is dat die owerhede hulle sal vergewis dat voorsiening gemaak is vir alles wat nodig is om te verseker dat die hoof van die skool en die superintendent van die koshuis in 'n posisie verkeer om hul taak suksesvol te verrig.

En wat is nodig?

„Successful management depends on five factors. The first factor is a precise understanding of the job to be done. The second is qualified and capable men in key positions. The third is a workable organization properly adapted to the job to be done. The fourth is a simple, direct system for carrying on the activities involved in the job. The fifth is a positive method of checking on results."[1]

----------oOo---------

1. Somervell, Behon: Management. Public Administration Review. Vol. IV. Autumn 1944, no. 4.